FERDINAND POSTMA BIBLIOTEEK

INUTIC

# Die Wapad

JAARGANG XX — VRYDAG, 6 NOVEMBER 1964 — NR. 1

OFFISIËLE STUDENTEKOERANT VAN DIE P.U. VIR C.H.O.

CLAASSEN & GROBLER (EDMS.) BPK.
Kerkstraat 193
POTCHEFSTROOM
★ MANS-, SPORT- EN KINDERUITRUSTERS

# CALVINISME: STUKRAG VAN DIE VOLK

## MINISTERS VOOR A.C.B.-SAAMTREK

**'N CALVINISTIESE LEIERSINSTITUUT EN 'N LANDSWYE CALVINISTIESE KONGRES IS ONDER DIE SAKE VERLEDE VRYDAGAAND DEUR MIN. JAN DE KLERK OP 'N SAAMTREK VAN DIE AFRIKAANSE CALVINISTIESE BEWEGING IN DIE TOTIUS-GEDENKSAAL BEPLEIT.**

Die Calvinisme is 'n dinamiese lewenshouding op die hele lewensterrein en nie 'n enge en ommuurde godsdiens, filosofie of teorie nie, het hy gesê. Verdiep deur hulle gehoorsaamheid aan God, is die Calviniste nie nougeset-afgeskei van almal nie, dog brandende ligte om die koers aan te dui. Hulle is gestaal deur hulle stryd dwarsdeur die geskiedenis gevoer. Deurentyd word hulle gekenmerk deur hulle godsdienstige motief. As sodanig was die Calvinisme die werklike agterliggende oorsaak van die Groot Trek.

### AGTERUITGANG

Die barometer toon vandag egter 'n groot mate van slytasie in die praktiese toepassing van die Calvinisme, het spreker gesê. Verdring deur die moderne Liberalisme het dit 'n waardevermindering in die volkskultuur ondergaan.

### GEDRAGSLYNE

As positiewe teenvoeter vir hierdie agteruitgang het min. de Klerk vier gedragslyne voorgestel.

Sonder om hulle beginsels oorboord te gooi moet die versplinterde Calviniste groepe in Suid-Afrika in een georganiseerde front saamgesnoer word. Die tyd is meer as ryp daarvoor, het spreker gesê. Voorts het hy gepleit dat daar uit hierdie A.C.B.-kongres 'n groot en omvattende Calvinistiese kongres gebore sal word waartoe selfs buitelandse waarnemers genooi sal word. Alleenlik dan sal die stem van die Calviniste weerklank in Suid-Afrika vind.

Verder is daar die noodsaaklike uitbouing van 'n eie Calvinistiese toepassing in Suid-Afrika nodig. In hierdie verband het spreker gepleit om 'n eenmanskommissie om 'n grootskaalse plan van aksie uit te werk.

Daar moet gespesialiseerde Calvinistiese leiers vir die toekoms opgelei word. Hoewel die arbeid van die P.U. vir C.H.O. in hierdie opsig van onskatbare waarde is, is dit egter nie genoeg nie. As daar 'n Afrika- en ander Institute kan bestaan, hoeveel te meer nie 'n Calvinistiese leiersinstituut nie, het spreker gevra.

### ONDERWYS

Hoewel op Calvinistiese fondament gebou is, is terrein verloor op onderwysgebied. Die band tussen die Calvinisme en onderwys moet versterk word. Hoewel hy nie meen dat die jeug slap en ruggraatloos is nie, is die Calvinisme die enigste wapenuitrusting waarmee die jeug behou kan word.

### ROEPING

By dieselfde geleentheid het min. John Vorster gesê dat die Afrikaanse volk nog nooit te kenne gegee dat hy die enigste geroepe volk is nie — slegs dat hy 'n geroepe volk hier in Suid-Afrika is. Hierdie roepingsbewustheid was die grootste stukrag in sy geskiedenis.

'n Volk se grootheid word nie deur sy finansies, militêre krag of getalle bepaal nie, dog word uit die geskiedenis gemeet aan die innerlike krag waaroor hy beskik, het min. Vorster verder gesê.

Daarom glo die volk van Suid-Afrika nie aan mense, aan alliansies of aan 'n wêreldburgerskap nie, maar vertrou hy op God.

Beide sprekers het dit egter beklemtoon dat hierdie Godsvertroue nie beteken dat met gevoude arms agteroor gesit of die hande in fatalisme opgegooi mag word nie.

In sy bedanking van die twee sprekers het prof. Bingle gesê dat die Calvinisme 'n towerwoord in die volkslewe is, waardeur die mens homself en sy medemens ontdek en wat die weg na God oopmaak. Hierby is dit ook 'n magswoord wat die volk in die verlede gestaal het, krag in die hede gee en hoop op die toekoms.



## Raadsmedaljes toegeken

**Die Raadsmedaljes van die P.U. vir C.H.O. is vanjaar aan mnr. Fanie du Plessis en mej. Kristie Jordaan toegeken.**

**Hierdie medaljes word jaarliks toegeken aan die man- en damestudent wat die verdienstelikste werk in die studentelewe lewer. Akademiese prestasies speel ook 'n belangrike rol by die toekenning van die medaljes.**

## S.A. KAMPIOEN

**Piet Goosen, bekende sportman van die Puk, is die nuwe S.A. weltergewigstoeikampioen. Hierbenewens het hy ook die beker ontvang vir die beste stoeier op die kampioenskappe.**

**Sien ook berig elders.**

# Sending Oorsee

**TEN EINDE TRED TE HOU MET DIE GEWELDIGE ONTWIKKELING VAN DIE UNIVERSITEIT DIE AFGELOPE AANTAL JARE, HET DIE RAAD BESLUIT OM 'N SENDING ONDER LEIDING VAN DIE REKTOR NA DIE V.S.A. TE STUUR.**

Die Rektor, bygestaan deur prof. H. C. van Rooy en mnr. C. J. H. Schutte, die adjunkregistrateur, sal ondersoek instel na die jongste Amerikaanse metodes van universiteitbekendstelling, fondsinsameling en oudstudente-organisasie.

Hierdie stap volg op die bevinding van die Raad dat die bedrywighede van die Departement Ontwikkeling aansienlik uitgebrei moet word om in die toekomstige behoeftes te voldoen. Na berekening sal die uitbreidingsprogram van die Universiteit die volgende agt tot tien jaar ongeveer R4½ miljoen bedra.

Die sending is van voorneme om vanaf 23 Desember 1964 tot 10 Februarie 1965 in die buiteland te vertoef.

### ANDER ONTWIKKELING

Onder besonder gunstige voorwaardes is ongeveer agttien morg grond van mev. Robertson en die Stadsraad aangekoop, sodat die universiteitsterrein nou vanaf Meyerstraat tot by die dam strek. Die plan is om die ou herehuis van Mev. Robertson digby die dam in 'n Rektorswoning te omskep. Die huis sal ook van tyd tot tyd as gastehuis kan dien.

Ter herdenking van die Hervorming en die sterfdag van van Calvyn 400 jaar gelede is besluit om 'n vywer met spuitfonteine en 'n gedenkmuur op die terrein van die huidige roostuin wes van die Biblioteek op te rig.

### GEBOUE

In die bouprogram vir 1965 word voorsiening gemaak vir die addisionele vleuel van Oosterhof, die Studente-ontspanningsaal, asook huisvaderswonings vir Dawie du Plessishuis en Joon van Rooyhuis.

**Daar word verder ook ondersoek ingestel na die moontlikheid van 'n Universiteitsdrukkery.**

# VYFDE HOOFLIGGAAM GOEDGEKEUR

**'n Vyfde hoofliggaam wat die sosiaal-akademiese verenigings sal insluit is in beginsel deur die vorige Studenteraad op sy voorlaaste vergadering goedgekeur. Die praktiese toepassing van die besluit is as oordrag en aanbeveling aan die nuwe S.R. oorgelaat.**

Die groot aantal sosiaal-akademiese verenigings wat midde in die studentelewe staan maar nie onder die S.R. val nie, het hierdie besluit nodig gemaak. In die toekoms sal die verenigings onder die S.R. se gesag kom en verteenwoordiging op die liggaam verkry. Een prinsipiële beleid kan gehandhaaf word en praktiese belange, waaronder finansies, datums, lokale en jaarprogramme kan op doeltreffender wyse geadministreer word.

Met die ontwikkeling van die Universiteit as primêr akademiese instelling het die sosiaal-akademiese verenigings geweldig uitgebrei sodat dit vandag in toenemende mate 'n belangrike rol in die universiteitslewe speel.

Die voorgestelde hoofliggaam sal die ontwikkelingsgang van studenteverenigings aan die Universiteit voltooi.

Korps Veritas Vincet het in die begin alle studenteverenigings in beginsel ingesluit totdat die eerste S.R. in 1923 ingestel is. In 1935 is daar op die huidige kombinasiestelsel van dagbestuur en hoofliggame besluit.

Die huidige indeling van Korps, A.S.B., Algemene Bestuur vir Kuns en Kultuur en Sentrale Sport Bestuur is in 1945 ingestel.

Die sosiaal-akademiese verenigings moes deur die jare onder een van die liggame resorteer of op eie houtjie daarbuite staan.

# KUNSGESELSIE

## AANSTAANDE JAAR SE BEDRYWIGHEDE

Dit is met 'n lekker hart wat die liefhebber van kuns en kultuur die gebeure die afgelope tyd op hierdie vlak aan die Puk kon gadeslaan. Oral is daar tekens van vernuwing en beloof die reeds ingeslane weg deur die verskillende instansies goeie vrugte in die nuwe jaar af te werp.

Met hulle onlangse sprankelende vertoning het die Alabama Studentegeselskap getoon wat daar in die studentegeledere steek in soverre dit die uitbou van 'n eie besondere kultuurvorm betref.

Teen die ontwikkeling van Alabama vanaf 'n boere-orkes tot 'n instansie wat hom op besondere wyse onderskei het met die opvoering van ligte operettes, moet die naam van mnr. Nic Enslin gesien word wat hom die afgelope vyf jaar op daadwerklike wyse beywer het vir die opbouing van Alabama. Die werk wat hy met soveel geesdrif en toewyding verrig het, sal nou grootliks op die skouers van mnre. Coenie Nel en Johan van Rensburg oorgaan. Mnr. Van Rensburg se skeppende vermoë en oorspronklikheid het duidelik te voorskyn getree met die onlangse opvoering van Alabama, en onder sy leiding behoort die orkes volgende jaar groot hoogtes te bereik.

**TONEEL**

Op toneelgebied staan Thalia reeds lank bekend vir die tipe spel wat hulle as toerliggaam kon lewer en kan die Pukke uitsien na die opvoering van die toerstuk volgende jaar. Met die instelling van die departement Drama aan die Universiteit sal Thalia kontak soek met die studente en dosente van die departement en behoort dit die standaard van opvoerings oor die algemeen en die deelname aan die A.S.B.-Kunsfees ten goede te strek.

In aansluiting by hierdie twee liggame is daar 'n hernude ywer te bespeur by die Volkspelelaar, die Skaakklub en die Debatsvereniging en bereidwilligheid om hulle onderskeie kultuurvorme uit te brei. Dit is onnodig om te sê dat hierdie pogings sonder die steun van die massa natuurlik verspil sal wees.

Aan die voorpunt van hierdie nuwe weg op kuns-kultuurele vlak staan mnr. Nico van der Merwe as voorsitter en studenteraadsverteenwoordiger van die A.B.K.K. Onder sy leiding sal die bestuur van die A.B.K.K. die rigting in die nuwe jaar moet aandui.

**Soos elders berig word talle nuwe skemas aangepak en met die steun van die massa behoort 1965 bekend te staan as die jaar waarin vernuwing in die kuns en kultuur van die Puk ingetree het.**

Die A.B.K.K. en sy onderliggame word sterkte en voorspoed vir die nuwe jaar toegewens.

BEDSA.

## Bekende spelers in Truk-opvoering

'n Opvoering van Truk, **Die Lewe Wat Ek Jou Gegee Het,** word op 13 en 14 November in die Potchefstroomse Stadsaal aangebied. In hierdie opvoering, die laaste van die jaar deur Truk, tree van die beste spelers op waaroor die Afrikaanse toneel vandag beskik.

Met Anna Neethling-Pohl in die hoofrol as Donn Anna Luna en in die ondersteunende hoofrol teenoor haar Kita Redelinghuijs, die Afrikaanse Aktrise van die Jaar, is hierdie opvoering iets wat die toneelliefhebber net nie kan laat verbygaan nie.

Veterane wat in die stuk speel is Mathilde Hanekom, Wena Naudé, Anna Cloete, Elsa Fouche en Leonora Nel saam met Frances Coertze, Salome Louw, Paddy Norval en Marga van Rooy. Die drie mans wat optree is Francois Swart, 'n jong speler wat hom die afgelope aantal jare onderskei het, James Norval, nog 'n ou veteraan, en Roelf Laubscher.

Die stuk is 'n vertaling van die bekende Pirandello-drama en staan onder die bekwame regie van Victor Melleney wat vir homself naam gemaak het met die skitterende wyse waarop hy die regie van "Lucia de Lammermoor" waargeneem het.

BEDSA.

Cachet Modes
(EDMS.) BPK.
TOMSTRAAT 92 TELEFOON 1389
POTCHEFSTROOM
★
Mooi Wintermateriaal
★
Nomotta-wol in Voorraad

# VERNUWING IN VERHOOGKUNS

**Alabama verdien besondere vermelding vir die uiters geslaagde konsert wat op 5 Oktober in die Totiussaal aangebied is. Vernuwing het uit die hele opvoering gespreek.**



MEJ. KRISTIE JORDAAN

Die orkes het 'n besondere aandeel aan hierdie vernuwing gehad. Die progressiewe samestelling van viole en trompet was uitstekend. Saam met die orkes het die Alabama-koor opgetree en is musikale temas, wat in 'n verhaal verwerk is, op besondere wyse vertolk. Kristie Jordaan het die verhaal voorgedra. Die uitvoering van die Radetski-mars en Old Man River was puik en ongetwyfeld die hoogtepunt van hierdie deel van die program.

Riekie Smith het 'n pragtige vertolking van 'n liedjie uit My Fair Lady gelewer. Jammer dat die orkes te hard was om volle reg aan haar stem te laat geskied.

**EENBEDRYF**

'n Eenbedryf in Engels is deur U.O.D.-studente aangebied. Annette Smuts verdien vermelding vir die puik spel wat sy gelewer het. Marietjie Lessing, Elrien van Deemter en Hennie Viljoen het hulle goed van hulle taak gekwyt.

**A.S.B.**

Die A.S.B.-program is saamgestel uit die beste items wat gedurende die kunsfees deur Puk-studente gelewer is.

Kristie Jordaan en Arrie de Beer het die gehoor aangegryp met hulle gevoelvolle voordragte. Mej. Jordaan het 'n monoloog uit Alle Paaie lei na Rome gelewer. Haar voordrag was van hoogstaande gehalte en juis daarom voel 'n mens dat dit beter sou pas in 'n program van meer ernstige aard. Haar optrede was 'n bevestiging van die standaard wat sy gestel het om die toekenning vir die beste voordragkunstenaar tydens die A.S.B.-kunsfees te kon ontvang. Arrie de Beer se voordrag was uitstaande — baie fors en kragtig, en tog gevoelvol. Hy het voorgedra uit Dias van N.P. van Wyk Louw.

Thalia het aan Professor Cloete, wat na Port Elizabeth vertrek, 'n geskenk aangebied as blyk van waardering vir sy belangstelling in en werk vir die toneelkuns aan die Puk.

Die seremoniemeester, Theo Vorster, het veel kleur aan die program verleen met sy spitsvondigheid.

Die konsert was deurgaans van hoogstaande gehalte, en elke deelnemer verdien die hoogste lof.

M.E.V.

# ANDRE BRINK OOR KUNS

**„Die roman was nog nooit so religieus ingestel soos in die huidige vernuwing nie", het André Brink op Vrydagaand 25 September voor die Letterkunde Vereniging gesê.**

„Een van die enigste dinge wat die mens met sekerheid kan sê is dat hy daar is in sy afgeslotenheid, geworpe op homself". Religie is die poging tot uitreiking na iets groter buite die mens waaraan hy homself kan vasknoop ten einde sin aan sy lewe te gee. Sodanige moment van sekerheid kan onder andere deur middel van godsdiens, kuns en seks bewerkstellig word, het spreker gesê.

**KUNS**

„Kuns is 'n soektog in die donkerheid na iets of iemand." Die kunstenaar het 'n bepaalde manier van worstel met homself, 'n pelgrimsreis op sy besondere wyse op soek na lig en waarheid. Hy probeer 'n antwoord op die onbekende rondom hom gee.

Die grootste kuns en kunstenaars blyk dikwels uit die grootste hellevaarte g e b o r e te wees. Die vonk vir die kunstenaar vandag is die relativisme en onsekerheid wat die twintigste eeu kenmerk.

**Die kunstenaar is nie sy tyd vooruit nie, dog staan ten volle daarin; die massa is agter die tyd.**

**DOEL**

Die doel van kuns is om die werklikheid in al sy goeie en slegte aspekte „in heilige oortuiging" feitelik weer te gee as „so is die lewe". Die doel is nie opvoeding, godsdiens of 'n middel tot 'n reformatiese doel nie, en daarom hoef kuns nie sedelik-opheffend te wees nie. **Die kunstenaar skryf soos hy voel, wat hy wil, ongeag die norme of gevolge. As sodanig beskryf en ontbloot die moderne roman die twintigste eeuse lewe.**

Behoud en vernuwing is twee fundamentele begrippe wat steeds hand aan hand moet gaan. Alle dinge moet voortdurend beproef word omdat sekeres uitgediend mag blyk te wees. So moet sekere dinge dan vernuwe word terwyl ander weer behou word.

**MEDIUM**

Spreker het ook aangetoon hoe die ontginning van die medium in die moderne kuns pertinent op die voorgrond getree het. Waar die kunstenaar altyd op soek na die nuwe is, moet hy elke keer nuwe media ontgin. „Daarom lyk dit soms so vreemd en mal vir die massa."

**DRIELETTERWOORDE**

In antwoord op 'n vraag het spreker gesê dat daar tussen die uiterstes van kroeg- en mediese woorde in Afrikaans nie genoegsame woorde vir liefdesake is nie. Daarom poog die kunstenaar om sodanige woorde uit hulle oorspronklike konteks te haal en deur herhaaldelike gebruik in 'n beter konteks 'n „gewyde betekenis" te gee. Aangesien hierdie metode baie gevaarlik is, noop dit die kunstenaar om met die grootste omsigtigheid te werk te gaan.

## Spesiale Konsert

**'n Bekende eksaminator van Trinity College in Londen, Peter Cooper, het op 24 Oktober 'n lesing-uitvoering van Beethoven Sonates in die Konservatoriumsaal aangebied.**

**Die werke wat hy voorgedra en behandel het, was die Sonate in C majeur Sonate in F mineur (Appasionate) en S o n a t e in C mineur.**

**Hoewel hy nie voorgee om 'n konsertpianis te wees nie, het hy met sy gevoelvolle vertolking die waarderende gehoor aan sy voete gehad.**

**H.d.P.**

# Beeldhouer en Skilder stal uit

**'n Uitstalling van die skilderwerke van Nico van Rensburg en beeldhouwerke van Petro van der Walt is onlangs in die sitkamer van die Biblioteek gehou.**

Mnr. Van der Walt se Valk in rooikoperplaat, en Reisiger, in brons, was die opvallendste. Sterk innerlike b e w e g i n g spreek uit die patetiese reisigersfiguurtjie. Hewige dinamiese krag is die uitstaande kenmerk van Valk. Die voël skiet in 'n magtige beweging op sy prooi neer. Hierdie beweging word in een groot geordende spel van lyn en beweging deur die kunstenaar vasgelê.



Die kenmerkendste eienskap van die werke van Nico van Rensburg is sy vaardigheid met kleur as vorm in 'n spel van kleurvlakke. Lyn is nie primêr in sy komposisies nie maar wel die kleurvlak. Gotiese Katedraal is waarskynlik die mees ingewikkelde komposisie. Die fyn lyne van die katedraal word vervang met kleur om die indruk van hierdie magtige bouwerk uit te beeld.

Sy beste gebruik van kleurvlakke in die samestelling van 'n komposisie is die Waterputters. Die een kleurvlak rus op die ander en dit beeld 'n totaalbeeld van figure uit wat gaan water haal.

Prof. G. Dekker wat die uitstalling geopen het, het gesê dat beide kunstenaars oor groot potensiaal beskik.

W.K.

# GEKUS EN GEKEUR

Ons groet alle slepers, gekysdes, verloofdes en ook alle ,,silent admirers''.

Iemand (wie was dit nou weer? . . ) het eenmaal gesê dat lentetyd liefdestyd is. Ek glo hom nie meer nie, want ons het hierdie jaar net bloeisels en stof gehad en tog het die liefde hier opgespring soos 'n jong kalf, en die ,,vriendskappe'' is gesluit soos spense vir kleintjies. (Ek dink nou net: het die dinee-,,era'' nie iets daarmee te doen nie? Of sien ek nou dinge waar daar nie dinge is nie.) Laat ons 'n paar van die nuutste roeringe van naderby bekyk:

Jill Ivey het gesoek totdat sy 'n ,,Ingelsman'' (sy Afrikaanse van tel nie) gekry het, en boonop is hy van die ,,Army''. Johnie Joubert het belowe om mooi na Jill te kyk.

Pierre Joubert reken mos die Suidwesters is nie ,,fit'' genoeg nie: nou wys hy vir Betteke Chapman presies hoe mens die ding doen.

Susan Schutte het Puk toe gekom om 'n man te soek . . en sy het hom gekry in die vorm van Pietman Botha, en gesamentlik het hulle nog 'n rekord gebreek toe hulle 'n hele jaar van sleep bekroon het met 'n kys.

Ek het altyd gedink ,,gentlemen'' behoort net in Cowboyflieks tuis, maar ek het my mening deeglik gewysig nadat ek die wa-vrag rose in Draantjie Coetzee se kamer gesien het. Hy bring tot die kopspeld saam vir die roos — dis nou wat ek bedagsaam noem! Die ,,gentleman''? Barry Truter van Pote. (Of is al die Pote dalk so?)

Die S.R. is deesdae erg bedrywig: Dries du Plooy met Susan de Klerk aan sy sy, is 'n bekende gesig; verder gaan Helena Griffioen en Petro van der Walt Saterdag braaivleis hou saam met die S.R. En so van S.R. gepraat: Gerda Erasmus verkies die Landbou-kollege S.R.

Marianna Louw luister elke aand na die bloedigste ballades en skoonste sonnette, maar by elke afskeid fluister Lappies haar toe dat sy nog in sy laaste woorde sal wees.

Koenie de Beer en Danie Troskie word ook al meer en meer 'n algemene verskynsel op die kampus.

Susan Malan en Gerrit Coetzee het lankal besluit dat sleep vir die kinders is, en nou is hulle gekys.

Dan is daar ook nog die geval Knobel-Du Plessis. (Rheda en Hentie vir die wat nie weet nie). Mens kan maar net saam met daardie ou sê: ,,What have we here?''

Al die storietjie van die Bobbejaan en die Mier gehoor? Die Bobbejaan het die Mier mos langs die pad gekry en toe vir haar gesê: ,,Mier, ou dier, jy's myne!''

Nanette de Villiers hou nie meer van motors in die algemeen nie: sy soek net die TOY-motors uit.

Eugene Kruger en Jeanette Wissing het alle twyfel uitgewis.

Santie de Bruin en Pieter Kempff is besig om te kyk wat hulle van die sakie kan maak. Marteli du Plessis en Dirk Koch is blykbaar met dieselfde skema besig.

Lorenne du Plessis drink nie 'n senuwee-,,tonic'' vir die komende eksamen nie: die ,,dodelike driehoek'' het haar ook vasgevang: sy, Klaas van der Waal en Fanie van Wyk.

Met Riana du Plessis is mens ook nooit seker nie: op die oomblik is dit Kallie Kriel.

Mara Terblanche en Kaas van Vliet is net dik gekys. Christie Heyns het dieselfde paadjie gevolg en wel met Johan van Parys (die Boere-Parys).

**VERLOWINGS:**

Verlowings raak ook deesdae meer volop. Ek weet nie of die geld meer volop is nie, en of die verloofringe dalk intussen goedkoper geword het nie. (Wie kan help?). Ons sê baie geluk aan die volgende paartjies en wens hulle alle heil toe vir die jare wat kom:

Annemarie du Plessis sit deesdae Johan Smith se Anglia vol, en oefen net kliphard om sy ore te trek as hy te vinnig ry.

Toe Christo Vermaak met 'n nuwe motor by haar opdaag, was Irene Stavast baie bly, maar toe hy sê daar het geld oorgebly vir 'n ring ook, was sy eers bly.

Niemand kan Gerrit Scholtemeyer van onoorspronklikheid beskuldig nie! Allermins Isobel Schlebusch. Al wat sy gesê het was: ,,Wat 'n tyd! Wat 'n uur!''

Die langnaweek was vir Pauli Koole en Nick Coetzee net so 'n goeie tyd as enige ander tyd, en nou pronk die diamant aan haar vinger.

En dan verneem ons iets daar van Mercia Venter en Cassie van der Walt se kant af: ons hoor hulle is verloof(?), maar wat maak Mercia se foto in die tydskrif?

Andries Coetzer het groot geskrik vir die huidige ,,wêreldgebeure'' en voordat Riekie Smith haar verder kon vasdraai, het hy die verloofring aan haar vinger gesteek.

Ook ons Administratiewe Beampte het afgehaak. Veels geluk Paul en Andrea.

Dan wou ek ook nog gevra het: verbeel ek my, of het Koos Liebenberg 'n fantastiese voorliefde vir rooikoppe?

Les bes, net hierdie bietjie raad: drie maande vakansie is 'n lang tydjie. Wie dit oorleef, se doppie is geklink . . .

KAAIKIE
KEKKELBEK.

## Afspraakburo op U.K. gestig

'n Buro wat hom sal beywer om afsprake tussen mans- en damestudente te reël, is aan die Universiteit van Kaapstad gestig. 'n Opname gemaak deur die plaaslike studentekoerant ,Varsity', toon dat mans almal ten gunste van die buro was, terwyl die geledere van die dames ietwat verdeeld is.

## Diskoteek-komitee moderniseer

Die diskoteekkomitee is van plan om sy versameling gedurende die eerskomende jaar te moderniseer deur die aankoop van plate met ligte musiek ter waarde van ongeveer R60.

Die drastiese vermeerdering het nodig geblyk aangesien daar ses uit die sewe dae van die week ligte musiek gespeel word. Die diskoteek beskik reeds oor 'n groot aantal plate met klassieke musiek.

Daar is ook 'n bedrag van die Studenteraad aangevra vir die ombou van die huidige draaitafel-uitrusting na 'n stereofoniese audio-toestel.

## LEKKER GEES IN OOSTERHOF

Die goeie gees van samehorigheid wat reeds in Oosterhof heers, is verder in die vroeë oggendure van 6 Oktober versterk. Die Eerstejaars het naamlik die Oudames op 'n tradisionele uitvreet getrakteer, wat aan die einde van elke jaar in die dameskoshuise plaasvind.

Tydens die geleentheid het die oudames en eerstejaars rolle geruil en kon die ,,oudames'' hulle griewe lug en die ,,eerstejaars'' voor stok kry.

Die uitvreet is in 'n baie goeie gees aanvaar, en terselfdertyd is nuwe talent onder die eerstejaars ontdek.

Die grootste verrassing van die aand, of liewer die oggend, was die braaivleis, toebroodjies en vrugteslaai met roomys wat bedien is.

Nadat gesellig saam verkeer is, is hartseerliedjies gesing, en almal het besef dat nog 'n onvergeetlike jaar op die Puk besig is om ten einde te spoed.

## HUISKOMITEES VIR NUWE TERMYN

Die nuwe dames-huiskomiteelede vir die tydperk 1964/65 is soos volg:

Adri Griffioen (hoofdame), Hendrien Venter (hoofdame: Kulu), Cecilia Schutte (hoofdame: Oosterhof), Lourien Human (hoofdame: Thaba Jäh), Riekie Smith (hoofdame: Ons Huis), Lydia Pelser, Marthie Vorster, Andrea Venter, Hettie Kruger, Jana Hoogendyk, Marie du Plessis, Greta Lötz, Tersia Geere, Leen Dreyer, Marina Venter, Sannie Smit, Frannie le Roux, Marietjie Steynberg, Elmarie van der Walt, Louisa van der Vyver, Matsie Krige, Alma de Bruyn, Helené de Wet, Tilla Kühn, Wilna le Roux, Berna Nel, Amanda van Zyl.

Alhoewel daar gepoog is om met die nuwe verkiesingstelsel verskuiwings van die een na die ander koshuis uit te skakel, is daar tog vier verskuiwings: Wilna le Roux gaan van Kulu na Thaba Jäh, Adri Griffioen gaan van Kulu na Klawerhof, Amanda van Zyl gaan van Klawerhof na Ons Huis en Leen Dreyer gaan van Kulu na Oosterhof.

**Die mans-huiskomitees vir die nuwe termyn is soos volg:**

Over de Voor: Frans van der Walt (voorsitter), Gerrit Scholtemeijer, Jan Bradley en Jan Schutte.

Dawie du Plessis-Noord: Lappies Labuschagne en Koos Liebenberg.

Dawie du Plessis - Suid Kobie van der Walt (voorsitter) en Lourens Aucamp.

Heimat: Joshua Welding.

Uitspan: Andries Coetzer.

## Kombi verkoop

'n Bekende inwoner van die Puk het van die kampus verdwyn. Die groen kombi is naamlik aan ds. Venter van Viljoenskroon verkoop. Daar is reeds 'n nuwe 1965-model Kombi bestel.

# DINEETYD . . .

**Hierdie tyd van die jaar is nie net deur die tekens van die naderende eksamen oorheers nie, maar kon die Pukke 'n groot aantal dinees so tussen die blok deur bywoon.**

'n Nuwe rigting is hierdie jaar met die Studenteraadsdinee ingeslaan toe persone buite die S.R. genooi is om die dinee by te woon.

Die persone buite die S.R. wat die dinee bygewoon het, was die voorsitters van die komitees van die S.R. en die hoofliggame van die S.R.

**ONDERLIGGAME**

Die Alabamadinee is weer eens gekenmerk deur die aangename en amper informele gees wat daar geheers het. Samesang op eg Alabama-wyse het 'n gesellige atmosfeer geskep.

Op die Thaliadinee is afskeid geneem van prof. T. T. Cloete wat aan die einde van die jaar die Puk verlaat het. Hy het die betrekking as hoof van die Departement Afrikaans-Nederlands aan die Universiteit van Port Elizabeth aanvaar. Prof. Cloete het baie gedoen vir die toneel op die Puk vir sover dit afrigting, korrekte vertolking, taal en styl aangaan.

**KOSHUISDINEES**

Koshuisdinees is hierdie jaar op groot skaal deur die verskillende koshuise aangebied.

Oosterhof was eerste aan die beurt met 'n dinee wat terselfdertyd gedien het as inwyding van die jongste koshuis op die kampus. Prof. H. J. J. Bingle het in 'n kort boodskap gesê die dames van die koshuis moet die Lig van hierdie uinversiteit uitdra op dieselfde wyse as die son wat in die ooste opkom en sy gloed oor die wêreld versprei.

**WAARSKUWING**

Prof. T. T. Cloete wat as hoofspreker tydens die dinee van Dawie du Plessishuis opgetree het, het gewys op die aangename herinneringe wat 'n persoon oorhou wanneer hy na jare weer op sy studentejare terugkyk.

**In sy toespraak namens die uittredende huiskomitee van Over de Voor het mnr. Gerhard Schutte gewaarsku teen die invloed van vreemde strominge waaraan die student in sy nuwe omgewing blootgestel sal wees. Besondere kleur is aan die dinee verleen deurdat die saal op kunstige wyse versier is om 'n bosveldtoneel voor te stel.**

Die damesdinee in die Lettie du Plessis-eetsaal is gekenmerk deur die aanskoulike wyse waarop die saal versier is en die pikante drag van die eerstejaar-kelnerinnetjies. 'n Pragtige en realistiese dammetjie en plante het die ingangsportaal versier.

Die Kompleks was die laaste aan die beurt met 'n uiters geslaagde dinee. Op kunstige wyse is die ou eetsaal in 'n grot omskep deur die gebruikmaking van reuse Weermag-nette. Die Rektor, prof. Bingle, het in die hooftoespraak van die aand gewys op die feit dat die Universiteit hom daarvoor beywer om aan sy studente 'n vaste grondslag te gee, en in die tweede plek om hulle te leer om selfwerksaam te wees. Met hierdie twee elemente maak die Pukke 'n groot sukses in die buitelewe.

**ANDER DINEES**

Op die Regsdinee het adv. Ferreira van die Staatsdienskommissie gesê dat hy hom sal beywer om die Staatsdiensbeurslenings van R400 per jaar na R600 te verhoog.

Tydens die dinee van die Huishoudkundevereniging het mnr. Ig. Vorster, wat op die Puk bekend was vir sy grappige en gevatte sêgoed, as seremoniemeester opgetree. Die saal was in 'n oosterse atmosfeer gehul en die gaste kon met smaak aan tipiese geregte van die deel van die wêreld smul.

Die Sentrale Vreugdedagkomitee, Staatsleerstudente Aptekers en Ekonome het ook op gesellige wyse die akademiese jaar afgesluit.

U het volop keuse in ons groot verskeidenheid

Boeke vir Studie en vir Ontspanning

PRO REGE-PERS BPK.

*„DIE POTCHEFSTROOMSE BOEKHANDEL"*

Kerkstraat 91-95 Telefoon 1164 & 497

H/v. Tom en Borcherdstraat Telefoon 3431

POTCHEFSTROOM

**PAN COETZEE**
*Mans- en Sport-Uitrusters*
TEL. 899
POTCHEFSTROOM
★
P.U.-KLEURE
MANS- EN -SPORT-UITRUSTERS

**AJAX**
Boeke en Skryfbehoeftes (Edms.) Bpk.
Telefoon 3458 — Posbus 43
Kerkstr. 159, Potchefstroom

*RUIKERS VIR ALLE GELEENTHEDE*
**BOUQUET**
BLOEMISTE
Johan Dreyer-gebou Tel. 2002
POTCHEFSTROOM

**DIE BULT APTEEK**
TOMSTRAAT 88b en 88c
*KOM*
*KYK NA*
*ONS . . .*
*N-U-W-E*
*PERSEEL!*
*ONDERSTEUN*
*OUD-PUKKE*

**LA VOGUE**
*Die Besigheid van Kwaliteit*
Tel. 440 — Potchefstroom

**Joubert Fietswinkel & Elektriese Dienste**
*Vir Dameshakkies en kleur van skoene.*
NOU VERSKUIF NA OU POSKANTOOR-GEBOU

**Die Bruidshoekie**
Die winkel vir alle
**BRUIDSUITRUSTING**
en haar gevolg volgens
*eie ontwerp en keuse*
Trourokke, Strooimeisie- en Blommemeisierokke
*Kunsruikers, Hooftooisels Sambreeltjies ens.*
FOON 3151
Kerkstr. 106 — Foon 3151
POTCHEFSTROOM

*Die Wapad*
VRYDAG, 6 NOVEMBER 1964

# ONS VERANTWOORDELIKHEID

Vierhonderd jaar gelede is Calvyn oorlede. Ons is Calviniste aan 'n Calvinistiese universiteit. Die Universiteit gaan 'n Calvyn-gedenkteken oprig. Wat beteken dit alles?

Die krag van Calvyn se Christelike boodskap het 'n wêreldomwenteling gebring. Ons kan en wil en sal 'n Calvinistiese universiteit wees. Ons dink in dankbaarheid terug aan hierdie genadebeskoring. Dis wat dit beteken.

Godsvertroue mag nie beteken dat ons geen verantwoordelikheid het nie, het beide Ministers verlede Vrydagaand gesê. Ons verantwoordelikheid in Suid-Afrika lê daarin dat ons glo dat ons as 'n geroepe volk hier na die suidpunt van Afrika gestuur is ter verkondiging van die Evangelie. Indien ons nie aan hierdie roeping voldoen nie, het ons geen bestaansreg nie. Indien wel, dan moet ons in Christelike oortuiging die buiteland se eis dat Suid-Afrika swart moet word met die alternatief van die helfte wit en die helfte swart, verwerp.

Die Universiteit beleef jare van grootse ontwikkeling — terreine en geboue, studierigtings en -projekte, administratief-organisatoriese aangeleenthede. Op die studenteleweterrein het die Studenteraad belangrike besluite geneem — 'n vyfde hoofliggaam, nuwe erekleure, Vreugdedag is vervang, 'n Ontspanningskomitee is daargestel.

Daar moet steeds 'n balans tussen behoud en vernuwing gehandhaaf word, het Andre Brink voor die Letterkundevereniging gesê. Dieselfde geld ook wat die Universiteit en studentelewe betref. Deur die grootskaalse ontwikkeling moet daar steeds die behoud van die fundamentele wees. Deur alles moet daar die religieuse tot-God-gekeerde ingesteldheid van ,,In U Lig'' wees, of dit nou ook al akademie, dinees, sleep, eksamen of studentekoerant betref.

Alleenlik só sal die Universiteit kan voortgaan om 'n roepingsbewuste medewerker in ons verantwoordelikheidsvolvoering te wees.

# A.C.B. - KONGRES

Tydens die A.C.B.-kongres verlede Saterdag op Potchefstroom gehou, is die noodsaaklikheid tot konsolidasie van Calvinisme in Suid-Afrika en dwarsdeur die wêreld op maatskaplike gebied pertinent beklemtoon.

In dié verband doen die A.C.B., met 'n ledetal van digby die 2000, reusewerk. Tydens die Kongres is daar egter daarop gewys dat daar steeds die behoefte na uitbouing van sodanige Calvinistiese bewegings tot die jeug, nie-blankes en selfs tot 'n landswye Calvinistiese kongres bestaan.

Indien die jeug in die regte gees opgevoed word, dan is die volk van die toekoms reg. Telkens is daar gewys op die groot werk wat die P.U. vir C.H.O. in dié verband doen. Hierby het min. Jan de Klerk ook die stigting van 'n Calvinistiese leiersinstituut bepleit en sal die A.C.B. praktiese stappe oorweeg om die ideaal van 'n Christelik-Nasionale onderwysstelsel vir Suid-Afrika te verwesenlik.

Waar Calviniste aan die P.U. vir C.H.O. en elders opgelei word, bestaan die noodsaaklikheid tot samesnoering van hulle kragte waar hulle hiervandaan weggaan — ,,eendrag maak mag'' geld immers ook wat die Calvinistiese taak betref.

Min. de Klerk het daarop gewys dat daar 'n mate van slytasie in die praktiese Calvinisme vandag ingetree het. Die Kongres het voorts die noodsaaklikheid beklemtoon dat voorligting gegee moet word aan die vraag wat die Calvinisme in die daaglikse lewe beteken.

Taakgroepe van die A.C.B. is besig met studies van die Rassevraagstuk en leemtes in die bestaande Arbeidswetgewing. Die noodsaaklikheid dat die Calviniste meer belangstelling i.v.m. immigrasie moet toon, is beklemtoon. Daar word ook gewerk in die rigting om 'n Calvinistiese kliniek vir geestesterapie op te rig.

Met dank word verder kennis geneem van die besluit van die A.C.B. om die koste van die Calvyn-gedenkteken op die universiteitsterrein te dra.

Die kongres het weer eens daarop gewys dat die A.C.B. daadwerklik lewe. Sterkte op die pad vorentoe!

# *Deur My Lens*

Eksamentyd — en daarby nog die sak en as! Die puntestelsel is uiteindelik verander — deurkom 50% en onderskeiding 75%. Die berugte twee manne is hoof-invigilator Henning en sub-invigilator Dekker. Die cursus honorum is glo: gomtor, invigilator, doktor, rektor.

Hoewel die V.S.A. die meeste goue medaljes verower het, het Sowjet-Rusland tog die Olimpiese Spele met punte gewen.

In 'n brief in "Varsity", studentekoerant van U.K., word daar gesê dat hulle bekend staan as "the most militant campus" in Suid-Afrika.

Aan die wêreldfront het die kostelike gebeur dat een staatshoof deur 'n ander staat aangehou is sonder dat hulle in oorlog verkeer het. Bekommernis word verder gewek deur die moeilikhede in Noord-Mosambiek.

En toe werk die oorsese verkiesings nie uit nie.

SPECTATOR.

# In U Lig

## VRYHEID

**GAL. 5 : 1a—Staan dan vas in die vryheid waarmee Christus ons vrygemaak het . . . ''**

Soekers . . .
Pelgrims op weg . . .
Na die verre ideaal van vryheid.
Is dit nie wat die meeste mense van ons tyd is nie?
Soekers na vryheid!
Kyk hoe hunker hulle daarna in die opwindende ritme van sekere moderne musiek, in die felle kleure van sekere moderne kuns, in die rouheid van sekere moderne letterkunde.
Ja, kyk hoe probeer die meerderheid studente in die wêreld daarna gryp.
Vryheid wil hulle hê al is dit die vryheid tot die dood!
Te midde van hierdie geweldige soektog na vryheid hoor ons hier in ons teks:
Moenie **soek** na vryheid nie.
Dit is nie 'n verre ideaal nie . . .
Vryheid is 'n **gawe** wat die gelowige in Christus **besit** en wat hy moet **behou.**
Eintlik staan in die oorspronklike: ,,Vir die vryheid het Christus ons vrygemaak; staan dan vas . . . ''
M.a.w. vryheid is die kenmerkende van Christus se verlossingswerk. Die Christendom is die enigste van alle godsdienste en beskouinge in die wêreld wat vryheid bring. Juis dit onderskei die Christendom van alle ander godsdienste.
Om waarlik vry te wees — daarvoor het Christus ons vrygemaak; daarvoor het Hy plaasvervangend gely en gesterf.
Teenoor die Rooms-Katolisisme met sy geestelike slawerny het die Hervorming van die 16de eeu hierdie groot en heerlike waarheid weer opgehef: Die vryheid is 'n **gawe** van Christus aan sy Kerk!
Teenoor die Liberalisme, Kommunisme, teenoor die hele mensverankerde godsdiens staan ons as gelowiges, kinders van die Hervorming, aan hierdie Universiteit met die magtige belydenis: Ons **besit** die ware vryheid as 'n gawe van Christus, deur die geloof.
Waarom **soek** ons dan dikwels nog na vryheid? Waarom hunker ons soms daarna? Waarom leef ons asof ons slawe is, asof die vryheid nog 'n verre ideaal is?
Staan dan vas!

# EERSTEJAAR SE SIENING

Die Redakteur,

Een jaar van studentelewe het ek in die hoe(?)danigheid van eerstejaar agter die rug. Na een jaar kan 'n mens 'n ding nie beoordeel nie; tog kan 'n mens wel sekere dinge bevraagteken.

Die dinge wat ek wil bevraagteken, raak volgens my mening nie net die P.U.-student nie, maar die **Afrikaanse student** oor die algemeen. Onder gees het ek die volgende nie opgemerk nie, maar bewys gesien: In vele gevalle lyk die koshuise na takkantore van drankhandelaars en sekere trekke in die sleeppraktyk vertoon 'n sterk ooreenkoms met die lewenshouding van mense waarmee u liewer nie in die openbaar wil verskyn nie. Intervarsitie blyk belangriker te wees as kerkbywoning. In dit alles is die seniorskap wat in die meeste gevalle slegs neerkom op meerjarigheid in plaas van meerderwaardigheid in enkele gevalle 'n positiewe voorbeeld, en in al die ander gevalle van dit wat nie gedoen moet word nie. Moet in al die gevalle die voorbeeld of die seniorskap bevraagteken word?

Verder het ek nie opgemerk nie, maar bewys gesien dat die belangstelling in sake van algemene en volksbelang nie baie hoog loop nie. Die trots op die moedertaal is sodanig dat die moedertaal vrylik verkrag word deur invoegsels uit die tweede taal. Die dagblad is 'n sportblad met strokiesprente en nie meer 'n nuusblad nie. Die hoogste bywoning van die interfakultêre lesings was vyftig uit die hele massa. Daar word net gestudeer met die oog om 'n graad te verwerf en nie vir die waarde van die graad nie. L.M. geniet meer aandag as Radio Suid-Afrika, veral op Sondae! Die Studenteraadsverkiesings is deur minder as vyftig persent van die massa bygewoon en die daaropvolgende massavergadering deur minder as twintig persent. Dit alles kan ek nie rym met nasionalisme en verantwoordelike belangstelling nie.

Graag sou ek wou sien dat die Afrikaanse student STUDENT word, wat alles wat hy doen fundeer op sy verantwoordelikheid en nie skuil agter die flou verskoning dat dit maar net 'n studentegemeenskap is wat anders is as die praktyk nie. 'n WARE STUDENT is 'n ekstremis wat tot die uiterste gaan om dit wat sy eie is te verdedig. As die Afrikaanse student dan nie soveel wil opoffer nie moet hy hom ook nie uitgee vir 'n student nie, want dan staan hy borg vir 'n saak wat hy nie kan dra nie. Van 'n STUDENT word nie gevra hoe groot sy kop is nie, maar hoe breed sy skouers is.

D.W.

# Ere-toekennings vir Kuns en Kultuur

**ERETOEKENNINGS GAAN IN DIE TOEKOMS OP KUNS-KULTURELE GEBIED AAN STUDENTE VAN DIE UNIVERSITEIT TOEGEKEN WORD.**

Op aanbeveling van die A.B.K.K. het die Studenteraad sodanige toekennings in beginsel goedgekeur en is daar nou aan 'n komitee van die A.B.K.K. opdrag gegee om die grondslag en die vorm van die toekennings in besonderhede uit te werk.

Die gevoel dat daar 'n leemte en ruimte vir sulke toekennings op kuns- en kultuurgebied is, bestaan reeds 'n geruime tyd.

Aan persone wat hulle onderskei het, word toekennings in die vorm van erekleure gemaak en daarby word bekers aan die uitstaande sportman en sportvrou gemaak. Die bestuur van die A.B.K.K. het gevoel dat sy onderliggame op 'n mededingende basis teenoor die buitewêreld staan en dat hulle net soos die sportkompeterendes op sodanige eretoekennings aanspraak kan maak.

Tans word slegs die P. W. Buys-Wisseltrofee toegeken op grond van wat 'n persoon gedoen het vir die organisasie en die groei van die A.B.K.K. en een of meer van die onderliggame, vir hoë gehalte spel en wat gedoen is vir die bevordering van kultuur in die algemeen.

**Die huidige trofee sal behou word en aan die persoon toegeken word wat die meeste uitgeblink het. Ondergeskik hieraan kan die eretoekennings gemaak word vir persone wat hulle onderskei het in die beoefening van die een of ander kunsvorm en wat hulle gedoen het vir die A.B.K.K. as geheel.**

Hierdie eretoekennings sal nie deur die handhawing van 'n sekere voorafbepaalde standaard verwerf kan word nie, maar sal alleen toegeken word as erkenning aan persone wat op kuns-kulturele gebied presteer het.

Na verwagting sal die toekenning die vorm van 'n Universiteitswapen op hout gemonteer aanneem, en sal dit deur middel van 'n bewysstrokie gekoop kan word.

# Goud kan vervang word as betaalmiddel waarsku ekonoom

**,,Geld het nie waarde omdat goud waarde het nie, dog goud het waarde omdat geld waarde het,'' het prof. dr. F. J. du Plessis by geleentheid van die P.U.-Ekonomiese Vereniging-dinee op Saterdagaand 3 Oktober gesê.**

Prof. du Plessis, vroeër senior lektor in Ekonomie aan die P.U. vir C.H.O., en tans hoogleraar in Handel-, Gelden Bankwese aan die Universiteit van Pretoria, het as gasspreker opgetree.

In sy rede het prof. du Plessis op enkele aspekte van internasionale likwiditeit gewys. Die moontlikheid bestaan dat die wêreld se goudvoorraad binne die afsienbare toekoms ontoereikend sal word om as internasionale betaalmiddel te dien.

Ten einde hierdie probleem tegemoet te kom sal 'n verhoging in die goudprys bloot 'n tydelike maatreël wees. Nieteenstaande al die voordele daaraan verbonde, sal dit wêreld-inflasie meebring, wat vir Suid-Afrika as goudprodusent meer nadelig as vir ander lande sal tref.

**UITGESKAKEL**

**Goud word al hoe meer uitgeskakel en vervang deur vertrouensgeld as volwaardige internasionale betaalmiddel. Spreker voorsien die moontlikheid dat goud mettertyd heeltemal uitgeskakel sal word en dat op grond van onderlinge wêreldvertroue alleenlik van vertrouensgeld gebruik gemaak sal word.**

Sodanige moontlikheid noop Suid-Afrika om vroegtydig vir ander ekonomiese ontwikkeling voorsiening te maak wanneer hierdie ekonomiese steunpilaar hom ontneem word.

## Weeskoshuis vir P.U. en P.O.K.

**Die Hervormde Kerk gaan binne die volgende jaar 'n groot weeskoshuis op die hoek van Rissikstraat en Van der Hoffweg oprig.**

**Hierdie koshuis sal enig van sy soort in die Republiek wees en sal voorsiening maak vir sowel mans as dames.**

**Die doel van die koshuis is om verblyfplek te verskaf aan weeskinders wat na matriek verder wil studeer aan die P. U. of P.O.K.**

**STUDENTELERAAR**

**Die Algemene Kommissie van die Hervormde Kerk het ook besluit om 'n pastorie vir 'n Studenteleraar by hierdie koshuis op te rig, sodat die studenteleraar terselfdertyd kan dien as Huisvader van die koshuis. Sodanige studenteleraar sal die Hervormde studente van beide Potchefstroom en Heidelberg bedien.**

# S.A. Student versprei by Hoërskole

**,,Die belangrikste doel van die ,,S.A. Student'' is om die Afrikaanssprekende studente in Suid-Afrika nouer saam te bind, om sodoende 'n eenheidsgevoel aan te kweek,'' het mnr. De Ru in 'n onderhoud gesê.**

,,Die 'S.A. Student' sal poog om soveel moontlik nuus van nasionale sowel as van internasionale studentebelang te plaas. Die ,S.A. Student' sal ook in die toekoms aan hoërskole beskikbaar gestel word. Indien genoeg skole reageer, sal die verskillende universiteite en kolleges in die land elk n' beurt kry om bekendgestel te word aan die skoliere wat van plan is om vir verdere studie na 'n universiteit of kollege te gaan.

**ONDER PATRONAAT**

Die ,S.A. Student' is die amptelike blad van die Afrikaanse Studentepersunie, onder patronaat van die Afrikaanse Studentebond. Die blad word hoofsaaklik uit die inkomste van advertensies gefinansier.

**NUWE HOOFREDAKTEUR**

**Mnr. D. van Wyk, lid van die Studenteraad van die Puk, sal volgende jaar die Hoofredakteurskap van die ,S.A. Student' behartig.**

# ONTSPANNING IN DIE NUWE JAAR

**Die steeds groeiende behoefte aan behoorlike ontspanning op die Puk het uitgeloop op die skepping van die Ontspanningskomitee van die Algemene Bestuur vir Kuns en Kultuur.**

Na aanleiding van 'n steekproef wat onder die massa gedoen is om die aard en die omvang van die behoefte aan ontspanning vas te stel, beoog die komitee die daarstelling van ontspanningsgeriewe aan die massa, veral op Saterdagaande.

Die Komitee sal in die vervolg ook die Ontheffingsdinee, Vrugtefees en Lentefees reël.

Die Ontspanningskomitee stel die volgende aksies in die komende jaar vir die massa in die vooruitsig:

Oude-Molenaande, wat onder andere sal insluit die hou van braaivleisaande, interkoshuisetes en -kompetisies en insleepflieks.

Speletjiesaande sal gehou word en die Pukke sal met die speel van ringtennis, volleybal en nog wat, hulle slag kan wys.

'n Fietsresies, fliekaande en ontspanning by die dam in die vorm van massa-etes en boeresport word ook beoog.

Die komitee is ingestel om die massa te dien en aanbevelings vir uitbreiding en verandering van die ontspanningsaksies sal deur die komitee verwelkom word.

Die komitee is soos volg saamgestel:

Jan-At Kruger (Voorsitter), Johan van der Walt (Onder-Voorsitter), Lien Smit (Sekretaresse), Hans Malan (penningmeester), Alma de Bruin, Geertjé Groothof, Daleen Basson, Duba Diedericks, Martie Labuschagne, Deon Malan, Chris Jordaan, Harry Meadon, Willie Coetzee, Jan Schutte.

## Shakespeare te moeilik vir Witsies

Sowat 800 uit die 1100 studente wat vanjaar Engels I op Wits neem is meegedeel dat hulle geen vrae oor hulle voorgeskrewe Shakespeare-werke in die eksamen sal kry nie. Na vertoë gerig dat Shakespeare te moeilik is, is naamlik besluit om die twee voorgeskrewe Shakespeare-werke nie in te sluit vir studente wat Engels nie as hoofvak neem nie.


CASTLE LAGER

Geniet dit koud!




Dit verkwik • Dit bevredig • Dit beur op

Grant 5933/2A



na aksie.. satisfaksie




vol-ja smaakvol

VERVAARDIG IN SUID-AFRIKA VIR RIGGIO TOBACCO CORPORATION OF NEW YORK LIMITED

# NUWE STUDIERIGTINGS IN STAATSLEER

**,,Staatsadministrasie sal vanaf volgende jaar deur die departement Staatsleer in samewerking met die departement Ekonomie aangebied word", het prof. C. P. van der Walt, hoof van die departement Staatsleer, in 'n onderhoud gesê.**

Staatsadministrasie is reeds voorheen hier gedoseer en dit sal nou uit 'n toestand van rus gehaal word om in die behoefte van die Staatsdiens aan gegradueerders te voorsien. Hierdie besluit van die Universiteit spruit voort uit die ontwikkeling wat op byna alle fronte in Suid-Afrika waarneembaar is en wat tot gevolg gehad het dat daar nie net 'n tekort in die vakkundige afdeling van die Staatsdiens ontstaan het nie, maar ook in die administratiewe en klerklike afdelings.

Deurdat Staatsadministrasie in samewerking met die fakulteit vir Ekonomiese Wetenskappe aangebied word, sal studente in 'n verskeidenheid van vakke en rigtings vir die Staatsdiens voorberei kan word.

### INSTITUUT

Prof. Van der Walt het gesê dat etlike ander ontwikkelings in die departement Staatsleer in vooruitsig gestel word. Die oprigting van 'n instituut vir internasionale politiek onder leiding van die departement Staatsleer word beoog. Steun is reeds deur verskeie instansies in dié verband aan die Universiteit belowe.

Daar bestaan ook die moontlikheid van beurse vir die bestudering van die Kommunisme, het prof. Van der Walt gesê. Hierdie beurse sal aan die studente soos in genoemde twee gevalle, nuwe geleenthede vir studie en werkkringe skep.

## ONTWIKKELING IN WES-TVL.

Die Wes-Transvaalse Streekontwikkelingsvereniging is onlangs, onder groot belangstelling, in die Totius-Gedenksaal gestig. Sowat 150 afgevaardigdes van oor die hele Wes-Transvaal het hierdie geskiedkundige gebeurtenis bygewoon.

Mnr. Tommie Muller, besturende direkteur van General Mining and Finance Corporation, was een van die hoofsprekers. Hy het gesê dat die Republiek in sy geheel tans 'n tydperk van bloei beleef wat gelykstaande is aan 'n Industriële rewolusie. Hierdie ontwikkeling is toe te skryf aan die feit dat die Regering wat nou aan bewind is, 'n sterk en stabiele regering is wat sy beleid so geskaaf het dat dit prakties tot voordeel is vir die land.

Mnr. C. J. de Kock van Klerksdorp is tot president verkies, terwyl prof. D. P. Erasmus (P.U. vir C.H.O.) en mnr. T. van Tonder hom sal bystaan as onder-presidente. Mnr. Hennie van der Walt, voormalige studenteraadsvoorsitter van die Universiteit is die voorsitter van die vereniging.

## Internasionale kunstenaars tree op

Musiekliefhebbers het op 3 Oktober die voorreg gehad om na 'n uitvoering deur die jeugdige violiste Edith Peinemann en die pianis Helmuth Barth in die Konservatoriumsaal te luister.

Mej. Peinemann het 'n goeie vertolking van werke van Bach gelewer maar het met die uitvoering van moderner werke haar hoogtepunt bereik. Die Habanera van Ravel, wat sy met demper gespeel het, het 'n besondere goeie indruk gemaak.

Die samespel met die pianis was besonder goed en die eindresultaat het beslis by die waarderende gehoor groot byval gevind.

M.E.V.

BESOEK ONS VIR VRIENDELIKE DIENS EN MEUBELS VAN GEHALTE

**TRANSVALIA MEUBELS**

Tel. 2157 Kerkstraat 180

POTCHEFSTROOM

*,,ONS MEUBELS WORD ERFSTUKKE"*



*Dit is die snit wat tel . . .*

- ★ Alba Broeke
- ★ Mentone Pakke
- ★ Monatic Hemde
- ★ Battersby Hoede
- ★ Gregory Sokkies

**J. Tod Suttie**

*Volledige Mansuitrusters en Sporthandelaars*

POTCHEFSTROOM

Posbus 219 — Tel. 1

,,VLEISPASTEI en TAMATIESOUS asseblief . . ."

Turkstra

*TE KRY BY U KAFETERIA*

# DEPARTEMENT FISIKA VLIEG HOOG

**DIE DEPARTEMENT FISIKA HET GEDURENDE OKTOBER GESKIEDENIS GEMAAK TOE 'N SPAN NAVORSERS VAN HIERDIE DEPARTEMENT IN SAMEWERKING MET DIE UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH EN DIE SUID-AFRIKAANSE LUGMAG, NAVORSING VAN WERELDSTANDAARD OP KOSMIESE STRALE GEDOEN HET.**

Prof. P. H. Stoker, hoof van die departement was die leier van die groep wat uit sowat tien navorsers bestaan het.

Die oogmerk van die onderneming was om te bepaal wat die invloed van die afwykende verloop van die aardse magneetveld op kosmiese strale is, asook om die reaksie van kosmiese deeltjies, wanneer hulle in die atmosfeer geabsorbeer word, waar te neem.

Hierdie projek vorm deel van Suid-Afrika se bydrae tot navorsing vir die Jaar van die Stille Son, en belangrike resultate en unieke waarnemings is verkry, soos die ontdekking van 'n buitengewone storm bokant Antartika.

Die spanne van die twee universiteite het vier nagvlugte in 'n Hercules van die Lugmag onderneem. Die Ysterplaats-lughawe in Kaapstad was hul basis.

Die navorsers het sover as Bouveteiland in die Atlantiese Oseaan en Angola gevlieg. Al die vlugte is op 'n hoogte van 30,000 voet onderneem.

# A.S.B. beplan interessante program vir 1965

**Bekende figure waaronder min. John Vorster, mnr. Blythe Thompson en dr. Piet Meyer sal genader word om die A.S.B. gedurende die loop van die volgende jaar toe te spreek, het mnr. Kobie van der Walt, voorsitter van die plaaslike A.S.B.-tak in 'n onderhoud gesê.**

Mnr. van der Wat het ook gewys op die werk wat deur die verskillende departemente beoog word. Die departement Afrika-aangeleenthede sal seminare aanbied wat deur gesaghebbende persone gelewer sal word.

'n Deeglike studie van die C.S.A., wat as teenwig teen N.U.S.A.S. gestig is, word ook beplan om vas te stel wat die presiese doelstellings van hierdie organisasie is.

Daar sal begin word met die instelling van 'n argief om belangrike referate, soos dié in verband met S.A.B.R.A. en die F.A.K., te bewaar.

'n Interessante nuwigheid is die aanhou van plakboeke met koerantuitknipsels vir spesifieke onderwerpe. Hierdie plakboeke sal ook in die argief bewaar word.

Kontakskakeling sal weer van aktuele belang wees. Nadere kontak met Wits en die Bantoe-Kolleges word beoog.

Vroeg in Maart word 'n verwelkoming vir alle nuwe A.S.B.-lede beplan.

Voornemende deelnemers aan Studentevaria word gevra om hulle bydraes in die A.S.B.-bussie te plaas, aangesien hierdie program onder die A.S.B. resorteer.

Mnr. van der Walt het ook 'n ernstige beroep op die massa gedoen om die A.S.B. in sy doelstellings te steun, want sonder die hulp van die studentegemeenskap kan hierdie organisasie nie doeltreffend funksioneer nie.

## Voorsitter van P.O.K. se S.R.

Mnr. Kas Landman is verkies tot voorsitter van die nuwe S.R. van P.O.K. Behalwe dat mnr. Landman homself op Pote uitgewys het, is hy ook 'n bekende op die Puk-kampus.

Hy was vanjaar aan die P.U. ingeskryf vir die B.A.-Honns-graad en het op sowel die Letterkundige Vereniging se bestuur as die Besembosredaksie gedien. Hy was ook lid van die span van die Puk wat meegeding het in die Studentevaria-vasvrakompetisie.

● Ons gelukwense aan mnr. Landman en sy Raad en sterkte vir die nuwe jaar —Red.

## OUTOMATIESE SENTRALE

Met die oorskakeling na 'n outomatiese sentrale op 7 November vind die tweede groot verandering in die 56-jaar lange geskiedenis van die telefoonwese in Potchefstroom plaas.

Die eerste dateer uit die tyd toe 'n heffing van 2½ sent per oproep, naas die telefoonhuur, met 'n protesvergadering asook 'n deputasie na die Posmeester-Generaal begroet is.

Met die nuwe stelsel in werking sal daar nie meer op die sentrale-personeel gewag hoef te word nie — of met hulle gesels kan word nie — maar sal die verlangde nommer direk geskakel kan word. Die stelsel het egter 'n nadeel want alle oproepe na die fonogramme-afdeling, tydnavrae, die posmeester en soorteglyke oproepe sal 2½ sent kos.

Die 24 hooflynkanale wat tans bestaan sal voorlopig onveranderd bly.

## PROF. STOKER VOORSITTER VAN C.W.V.

Professor H. G. Stoker van die P.U. vir C.H.O. is as voorsitter van die pas gestigte Christelike Wetenskaplike Vereniging verkies. Die doel van die vereniging is die bevordering van Christelike Wetenskap in sy geheel.

Die ander bestuurslede is proff. F. J. M. Potgieter (Stellenbosch) F. J. du Plessis U.P.), D. S. Cilliers en twee ander lede wat nog gekoöpteer sal word.

'n Kongres elke tweede jaar en streekskonferensies elke tweede alternatiewe jaar word in die vooruitsig gestel.

# DIERKUNDIGES TWEE WEKE OP BABERSPAN

**Die departement Dierkunde aan die P.U. vir C.H.O. het op Vrydag 9 Oktober 'n boot vir hidro-biologiese navorsing by Baberspan, naby Sannieshof te water gelaat. Die boot wat R1300 kos, is toegerus met 'n 50 perdekrag buiteboordenjin. Dit beskik oor genoegsame ruimte vir alle apparaat wat vir die navorsingswerk benodig word en bied akkomodasie aan drie persone.**

Die span, onder leiding van mnr. H. Schoombee, bestaan uit nog twee lede, mnre. Johan Combrinck en Nick Enslin. Mnr. Schoombee het reeds aan die begin van die jaar sy doktersverhandeling ingehandig terwyl die laasgenoemde twee besig is met hulle Honns. B.Sc. Die span sal vir twee weke lank onafgebroke op die boot wees.

Daar word beoog om vir twee jaar navorsing te Baberspan te doen. Daarna sal dit voortgesit word in 'n gebied met stilstaande water.

Die studie te Baberspan sluit in 'n bakteriologiese opname, 'n analise van die water op verskillende dieptes en kwantitatiewe en kwalitatiewe bepaling van die organismes.

### DOEL

Uit hierdie navorsing sal twee proefskrifte spruit wat in een publikasie saamgevat sal word saam met ander gegewens deur die hidro-biologiespan en die Tvlse. Provinsiale Administrasie versamel. Hierdie gegewens sal gebruik kan word in die vasstelling van die mate van waterbesoedeling en die produktiwiteit van die water. Uit hierdie gegewens sal afgelei kan word of die water met sekere vissoorte voorsien kan word.

Sodra alle apparaat beskikbaar en geïnstalleer is, vertrek die span op sy eerste skof van twee weke.

# A.B.K.K. BEPLAN VIR VOLGENDE JAAR

**Groot planne word deur die Algemene Bestuur vir Kuns en Kultuur aan die universiteit vir die volgende termyn beoog. Hierdie feit blyk uit die jaarprogram van die liggaam wat die afgelope week deur die Studenteraad goedgekeur is.**

'n Groot kuns-kulturele projek word deur die bestuur van die A.B.K.K. in vooruitsig gestel. Daar sal ondersoek ingestel word na die moontlikheid om onder leiding van, en met die steun van, die Universiteisowerhede iets van hoogstaande kuns-kulturele waarde aan te bied. Hierdie aanbieding sal geskied deur die koördinering van kuns-kulturele instansies onder die patronaatskap van die A.B.K.K.

Bustoere sal weer deur die A.B.K.K. na die groter sentra gereël word vir die bywoning van operas en ander opvoerings. Hierdeur word aan studente die geleentheid gebied om aanbiedings by te woon wat nie hier plaaslik opgevoer word nie.

Thalia gaan volgende jaar op toer met 'n toneelstuk deur dele van Transvaal, Oos-Transvaal, Oos-Vrystaat en Noord-Natal. Die Alabama Studentegeselskap gaan op toer deur Noord-Wes-Kaapland met 'n operette.

Die Volkspelelaer sal gereelde laeroefeninge op Maandagaande in die Totiussaal hou en die Lenteskool wat tydens die April vakansie in die Krugerwildtuin aangebied word sal bygewoon word. Op 6 Maart word 'n saamtrek in die Totiussaal aangebied.

Die Skaakklub sal aan die Potchefstroom Skaakliga deelneem en daar sal gepoog word om die liga tot 'n Wes-Transvaalse liga uit te brei.

Die Debatsvereniging wil volgende jaar die Kringaande verder uitbrei om aan belangstellendes in die redenaarskuns die volle geleentheid te bied en die belangstelling vir debat aan te wakker.

## EERSTE V.C.O.-SKOOL

'n Afrikaanse privaatskool waar die onderrig op suiwer Christelike grondslag sal geskied, sal in Januarie 1965 in Pretoria geopen word. Dit sal 'n vrye skool onder die beheer van die Vereniging van Christelike Onderwys wees wat deur enige Afrikaanssprekende kind bygewoon kan word.

Die skool sal voorlopig in 'n bestaande gebou in Pretoria gehuisves word en met graad een begin. Indien die steun groot genoeg is, sal daar ook voorsiening gemaak word vir 'n graad twee klas. Die verwagting is dat die skool sal uitbrei tot 'n laerskool en 'n hoërskool oor twaalf jaar.

Volgens 'n woordvoerder sal presies dieselfde vakke as by Staatskole aangebied word, maar sal dit deuradem wees van Christelike onderwys.

Die skool sal aanvanklik geen subsidie van die staat ingevolge wetgewing van 1953 ontvang nie. Skoolgeld sal R10 per kind per maand bedra.

Onderwysers aan die skool verbonde sal aan die vereistes van die Transvaalse Onderwysordonnansie moet voldoen. Ook sal hulle die geloofsbelydenis van die Afrikaanse Kerke moet onderskryf.

● Aan die begin van die jaar het die Vrye Gereformeerde Kerk in Pretoria 'n private skool, die laerskool Johannes Calvyn, gestig wat slegs deur die kerk beheer word.


**PARKSIG**
**EIENDOMSAGENTSKAP**

* HUISE
* PLASE
* PLOTTE
* BESIGHEDE
* STANDPLASE

*Vir 'n eerlike transaksie sien of bel*

**1486 ——— Na-ure 2054**

(Eienaar: G. Schoonhoven)


## EREKLEURE

Erekleure is vanjaar deur die Studenteraad aan die volgende persone op sportgebied toegeken:

Tennis: Mnr. D. P. J. Smith.

Judo: Mnre. S. du Toit van der Walt en G. P. Kruger.

Korfbal: Mejj. S. Pretorius en J. Wissing.

Atletiek: Mnre. W. le Roux, J. C. Buys, E. van Loggerenberg, G. J. Swartz, L. Snyman en Mej. M. van Aswegen.

Gimnastiek: Mnre. J. C. Jordaan, T.S.P. van der Walt, K. F. Kriel en Mej. H. van der Walt.

Krieket: Mnr. H. Bouwer.

Rugby: Mnre. P. D. de Villiers, L. J. van der Walt en J. du Plessis (posthuum).

# Magstrewe voor Nasionale belang geplaas

**„Tussen die jong en ongevestigde politieke partye van Swaziland gaan dit meer om 'n mag- en populariteitstryd as om nasionale belang," het Prof. J. H. Coetze onlangs tydens die laaste byeenkoms van die Afrika-Seminaar van die jaar gesê.**

In sy tekening van die politieke partye in Swaziland het Prof. Coetzee gewys op die uiterste ekstremisme van hierdie groep en hulle sug na mag, waarin hulle feitlik alles sal opoffer vir sukses. Tussen die partye is daar nie soseer wesenlike verskille ten opsigte van beleid nie, maar die antipatie teen die Blanke en Kolonialisme word uitgebuit.

Hy is ook van mening dat die Kommunisme as ideologie onder die konserwatiewe deel van die Swazie, wat 'n oorweldigende meerderheid is, geen inslag vir die huidige sal vind nie. Die ekstremistiese jong partye is met hulle gebrek aan werklike strewe na nasionale welsyn, egter reeds hierdeur bedorwe. Die partye is dan ook meestal uiters vyandig teenoor die Republiek terwyl opperhoof Sobhuza, as spreekbuis van die konserwatiewe groep, meer simpatiek en geneig tot samewerking is.

**UNIEK**

Wat Swaziland as Afrikagebied egter uniek maak is die feit dat sy ontwikkeling eers min of meer vanaf 1960 begin het. Die Blankes in die gebied, en die konserwatiewe groep onder Sobhuza II, het die leiding in die ontwikkeling geneem. Dit het gelei tot konstitusionele samesprekings en die onlangse verkiesing.

Hierdie referaat was die laaste in 'n reeks wat voor die Afrika-Seminaar gelewer is en wat die gebied t.o.v. ekonomiese toestand, etniese groepering, geografie en staatkundigpolitiek beskou het.

## SKAAKKLUB WEN LIGA

Die Skaakklub van die Universiteit het as oorwinnaars uit die Potchefstroom liga getree.

Dit is die eerste jaar dat die liga bestaan. Dit word uit die volgende klubs saamgestel: Landboukollege, Girls High, Boys High, Weermag, P.O.K. en die Puk.

Mnr. Nic Vreken, voorsitter van die plaaslike klub, het gesê dat daar beoog word om die Potchefstroom liga uit te brei sodat dit mettertyd die hele Wes-Transvaal sal betrek.

# Nuwe Dameskoshuise verkiesingstelsel

**'n Nuwe verkiesingstelsel is vanjaar as tydelike oorgangsmaatreël deur die dameskoshuise gebruik.**

Uit onderhoude met verskillende dames-huiskomiteelede en hoofdames blyk dit oor die algemeen 'n verbetering te wees, hoewel die wesenlike probleem nog nie daardeur opgelos word nie.

Die probleem bestaan daarin dat die massa die verskillende koshuise se huiskomitees en hoofdames kies en dat sekere verkose lede van die een koshuis by die ander moet oorgaan.

Die betrokke dames voorsien die mettertydse oorskakeling na 'n stelsel waarin elke koshuis sy eie huiskomitee en hoofdame sal kies. Hierdie stelsel sal egter voorsiening moet maak vir 'n sentrale huiskomitee en die hou van kwartaallikse massavergaderings. Uit die vyf hoofdames moet die senior hoofdame dan gekies word deur die sentrale huiskomitee.

## Beurse weer beskikbaar

'n Groot aantal beurse is weer volgende jaar vir Pukstudente beskikbaar. Studente word aangeraai om by kamer 27 van die Administrasiegebou alles in verband met die beurse uit te vind. Studente sal ten alle tye vriendelik te woord gestaan word.

Die amptelike Jaarboek van die Universiteit gee ook besonderhede in verband met die beurse.

## Buurstaat-Universiteite

Met die opening van die Universiteit van Basoetoland, Betsjoeanaland en Swaziland in Maseru, het elk van Suid-Afrika se buurstate nou sy eie universiteit.

Die Universiteit van die Hoëkommissarisgebiede het voorheen bestaan as die Roma-Kollege van die Roomse Kerk. Hierdie universiteit is 'n selfstandige liggaam wat sy eie grade en diplomas sal toeken. Die eksamens sal dus nie meer deur die Universiteit van Suid-Afrika afgeneem word nie.

Verlede jaar is daar al 'n begin gemaak met die Universiteite van Angola en Mosambiek.

Die Universiteit van Rhodesië bestaan al 'n geruime tyd.


**SUID-AFRIKAANSE SPOORWEË**

**AANTREKLIKE LOOPBANE**

**Die Suid-Afrikaanse Spoorweë bied die volgende aantreklike loopbane aan gegradueerdes:**

| | Indien in besit van | Aanvangsalaris |
|---|---|---|
| Assistent-ingenieur | B.Sc. Ing. | R2,250 p.j. |
| | B.Sc., B.Ing. (Stellenbosch) M.Sc. | R2,400 p.j. |
| | M.Ing. (Stellenbosch) Ph.D. D.Sc. | R2,550 p.j. |
| Metaalkundige, Skeikundige | B.Sc. | R1,950 p.j. |
| | Hons.-B.Sc. | R2,100 p.j. |
| | M.Sc. | R2,250 p.j. |
| Bestekopmaker | Diploma Bourekening | R1,950 p.j. |
| | B.Sc. Bourekening | R2,100 p.j. |
| | M.Sc. Bourekening | R2,250 p.j. |
| Klerk (vir opleiding as administratiewe amptenaar) | 'n Baccalaureusgraad wat 'n minimum studietydperk van drie jaar vereis | R1,425 p.j. |
| | 'n Honneursgraad (of 'n gesertifiseerde verklaring dat die teoretiese deel van die magistergraad suksesvol voltooi is) of 'n baccalaureusgraad wat 'n minimum studietydperk van vier jaar vereis | R1,650 p.j. |
| | 'n Magistergraad | R1,875 p.j. |
| | 'n Doktorsgraad | R2,025 p.j. |

Nader besonderhede kan van die Hoofbestuurder, Kamer 39, Spoorweghoofkantoor, Johannesburg, verkry word.

LS/L/3848

# VREUGDEDAG FINAAL AFGESKAF

**'n Belangrike verandering op die kampus is die vervanging van Vreugdedag met 'n aksie wat beoog word om meer oorspronklik en eie aan die Puk se gees te wees. In die verband is gedink aan 'n jaarlikse geselligheid wat met die verskyning van die Pukkie sal saamval, terwyl daar elke drie jaar 'n groter projek aangepak sal word. Daar is reeds besluit dat die eerste groot aksie in 1967 van stapel gestuur sal word.**

Daar is tot hierdie stap oorgegaan om verskeie redes; o.a. is aangevoer dat Potchefstroom 'n plattelandse dorp met baie opvoedkundige inrigtings is wat almal hoë finansiële eise aan die publiek stel. Sierwa-optogte en gekostumeerde straatkollektes blyk ook uitgediend en onoorspronklik te wees.

**Die kapitaalbelegging van Vreugdedag regverdig nie die wins wat dit oplewer nie. Die belangstelling in die vreugdedagaksies is elke jaar minder bemoedigend, en dit geld nie net t.o.v. die studente nie, maar ook van die dosente. Vreugdedag word deur die publiek vergelyk met die Jool van ander universiteite. Wat fondsinsameling betref vergelyk die P.U. baie swak met ander universiteite. Weens onvoldoende fasiliteite en finansies is die jaarlikse sierwaens soms swak afgewerk, en strek dit beslis nie tot die goeie naam van die Puk nie.**

Besteding van die fondse ingesamel, berus jaarliks by die Studenteraad. Vanjaar is aan sewe liefdadigheidsorganisasies skenkings ter waarde van R1,500 gedoen. 'n Verdere R400 is in die boufonds van die Studenteraad gestort. 'n Aanbeveling van vanjaar se Vreugdedagkomitee was dat daar 'n beurs vir behoeftige studente uit die opbrengs van die plaasvervangende aksies ingestel word.

## Judo gradering

Op die laaste gradering van die jaar het Thys Cronje pragtig en oortuigend geveg en sodoende die groen gordel verwerf.

Willie van Aarde het nogeens gepresteer deurdat hy verkies is tot die Wes-Transvaalse graderingspersoneel.

Die seisoen is op heel humoristiese wyse afgesluit toe Willie van Aarde aangebied het om die Japanese reëls na Noord-Sotho te vertaal en Maarten Roode goedgunstiglik toegelaat het dat 'n Pote-dametjie hom gooi in haar poging om te gradeer.

# KRIEKETSPAN SPEEL WISSELVALLIG

Die krieketspan van die Puk het die afgelope tyd baie krieket gespeel en is met gemengde welslae bekroon. Op Woensdag 21 en Vrydag 23 Oktober het die eerstespan teen Pote te staan gekom.

Die Puk het swak afgesit en is almal vir 63 lopies van die baan gestuur hoofsaaklik deur Niek van der Walt wat vyf penne laat kantel het. Die sterk kolfspan van Pote is egter verras deur die Puk se boulers en hulle het verklaar met 86/5 op die telbord. Willie Roux was die Puk se suksesvolste bouler met 3/44.

In hulle tweede beurt het die Puk ietwat beter gevaar en kon 95 lopies aanteken waarvan Gerrit Scholtmeijer 'n verdienstelike 20 bygedra het. Pote moes dus slegs 72 lopies aanteken om te wen. Gerrit Scholtemeijer het hulle egter hard laat spook vir die lopies. Hy het pragtig geboul en vyf penne ingeoes. Pote moes dus ses paaltjies inboet voordat hulle die nodige lopies kon aanteken. Ons wens Pote, die huidige ligakampioene, geluk met hulle oorwinning.

**Op Saterdag 24 Oktober het** die Puk teen die Stilfonteinse Klub Ellaton te staan gekom en hulle deeglik die loef afgesteek. Aangesien die wedstryd verkort is deur reën op die vorige Saterdag, moes 'n beslissing op een beurt elk bereik word. Die Puk het op 'n natterige kolfblad eerste gekolf en het 95 lopies aangeteken. In Ellaton se beurt wat telkens deur reënbuie onderbreek is, het Willie Roux met 3/19, Dirk de Waal met 3/6 en Errol van der Merwe met twee penne goeie boulwerk gelewer. Ellaton kon slegs 42 lopies aanteken en verloor dus op die eerste beurt met 55 lopies.

## Verhoogde status vir gholf en pluimbal

Die Gholfklub, een van die jong klubs aan die P.U., het vanjaar goed gevaar op die Interuniversitêre toernooi deur vierde plek te verower. Die Gholfklub is gevolglik vir een jaar onder proefpatronaatskap van die S.R. geplaas.

Ook die Pluimbalklub het vanjaar heelwat belangstelling geniet en baie studente beoefen reeds hierdie sport. Die Pluimbalklub wat vanjaar onder proefpatronaatskap van die S.R. was, is vanaf volgende jaar 'n volwaardige klub.

# KORT RUGBYOORSIG VAN DIE AFGELOPE JAAR

**Na die laagtepunt van verlede jaar het die Rugbyklub vanjaar stukke beter gevaar. Die eerste span het derde in die Wes-Transvaalse senior liga geëindig en as dit nie vir twee ongelukkige wedstryde was nie, kon hulle die kampioenspan van die Weste gewees het. Pote is by twee geleenthede in taai botsings verslaan. Intervarsity is met 11 — 19 verloor, dog die Pukke het in die laaste gedeelte van die wedstryd duidelik die botoon gevoer. In die Blaine-kompetisie is die eerstespan in die kwarteindronde uitgeskakel.**

Die tweede span was 'n sterk span wat ongelukkig nie met 'n gereelde agterlyn op die veld gegaan het nie. Dit was die belangrikste faktor wat veroorsaak het dat hulle meestal teleurstellend gevaar het. Hulle het nietemin 'n hele paar puik vertonings gelewer.

Die derde span was nie 'n skadu van die span wat die Puk behoort te hê nie. Die rede hiervoor is 'n duidelike gebrek aan belangstelling by baie potensiële goeie spelers.

Onder die geledere van die O/20's was daar 'n gesonde wedywering om plekke in die A-span. Die A-span was ongelukkig om met die belangrikste ligawedstryd van die jaar — teen Pote — deur 'n groot aantal beserings gekniehalter te wees. Dit het die span die liga gekos. Met Intervarsity het hulle as 'n derde span skitterend gespeel en U.O.V.S. in 'n uiters aanskoulike wedstryd met 16 — 6 verslaan. Die B-span was nie veel swakker as die A-span nie en het byna daarin geslaag om Pote se A-span te verslaan.

'n Hoogtepunt van die seisoen was die geslaagde rugbydag wat op 13 Junie plaasgevind het en waaraan 30 oud-P.U.-spelers en die O/19A-span van Tukkies deelgeneem het.

**Die rugbyklub is ook swaar getref deur die afsterwe van prof. I. J. van H. Fourie, die beskermheer, mnr. S. du Toit die president en Koos du Plessis, een van die gereelde eerstespanspelers. Ten spyte van hierdie terugslae het die klub nogtans beter gevaar en gewys dat daar wel spelers beskikbaar is om 'n baie sterk eerstespan in die veld te stoot.**

## Puk voorsitter van S.A.A.S.F.

Die nuwe voorsitter van die Suid-Afrikaanse Aptekerstudente Federasie is mnr. Andre du Preez, M.Sc.-student in Farmasie aan die Puk. Mnr. Du Preez, voormalige voorsitter van die plaaslike Aptekerstudentevereniging, is verkies tydens die jaarlikse vergadering van die S.A.A.S.F. wat gedurende die Julievakansie in Port Elizabeth gehou is.

Mnr. Du Preez, wat as gevolg van veelvuldige werksaamhede as voorsitter van die plaaslike tak moes bedank, volg in die voetspore van verskeie Pukke wat hulle onderskei het deur tot voorsitters van die nasionale liggaam verkies te word.

**Mnr. G. Meyer is op 16 September tot voorsitter aan die P.U.- Aptekersvereniging verkies.**

Die nuwe bestuur is verder soos volg saamgestel:

Onder-voorsitter: mnr. L. du Plessis, Sekretaresse: mej. J. Venter, Korrespondensie: mej. N. de Villiers, Penningmeester: mnr. A. Barnard.

## Bob Mark kom na P.U.

Volgens mnr. Pieter van der Walt is die voorgenome tennisafrigting deur die bekende Australiese Davisbekerspeler Bob Mark, glad nie van die baan soos algemeen aanvaar is nie.

Indien 'n afrigtingskursus deur mnr. Mark nie nog hierdie jaar kan plaasvind nie, sal daar volgende jaar wel so 'n kursus plaasvind. Die probleem vanjaar was 'n gebrek aan fondse om die kursus suksesvol aan te bied. Volgens mnr. Van der Walt het die Raad nou fondse beskikbaar gestel en is die kursus ook ingesluit in die jaarprogram van die tennisklub.




Elke Sigaret 'n Meesterstuk
IN SUID-AFRIKA VERVAARDIG
VKFA 103

BIERMANSKAP!
LION LAGER
LEEUPLESIER!



# PIET GOOSEN SPORTMAN VAN DIE JAAR

**Die De Klerk-Wisseltrofee vir die beste sportman aan die P.U. vir C.H.O. is vanjaar aan Piet Goosen toegeken. Hierdie Puk-student is 'n alsydige sportman, wat veral uitblink in stoei, waarin hy al groot bekendheid verwerf het. Op bostaande foto is Piet (in die wit broekie) besig om 'n teenstander mat toe te bring.**

Op die Suid-Afrikaanse Spele vroeër vanjaar het Piet 'n goue medalje verower in die weltergewigafdeling, waartydens hy met twee Springbokke afgereken het. Tydens die S.A.U.-Kampioenskappe vanjaar in Kaapstad, het hy in die middelgewigafdeling ingeskryf, wat 'n aansienlike hoër afdeling is en al sy teenstanders, waaronder ook die W.P. kampioen, met valle geklop.

Vir die tweede agtereenvolgende jaar het hy ook die beker verower vir die mees wetenskaplike stoeier op die kampioenskappe. Tydens die S.A.U. Kampioenskappe is bekend gemaak dat hy aanstaande jaar die S.A. Universiteite sal verteenwoordig op die Studente Wêreldspele.

**OLIMPIESE SPELE**

Vroeër vanjaar was hy 'n definitiewe keuse om as Springbok aan die Olimpiese Spele deel te neem, voordat Suid-Afrika deelname aan die Olimpiese Spele ontsê is.

● Piet is nog baie jonk, dus kan daar baie van hom in die toekoms verwag word. Hy is voorwaar 'n student waarop die P.U. trots kan wees.

# Gimnastiek het bedrywige jaar agter die rug

**Die suksesvolle jaar wat die Gimnastiekklub agter die rug het, word in groot mate beliggaam in die geslaagde toer. Dit is die tweede toer wat die klub onderneem het en afgesien van die aansienlike wins wat getoon is, was die toer van ontsaglike waarde vir die Universiteit wat reklame betref.**

Hoewel die toer van die begin af ,harde werk' vir elke lid was, het almal dit terdeë geniet en was hulle ware ambassadeurs vir die Puk.

Na die toer het die W.-Transvaal-kampioenskappe gevolg. Afgesien van die feit dat dit die eerste keer was wat Wes-Transvaal so 'n kompetisie aangebied het, was die kompetisie sterk en die standaard besonder hoog. Die Pukke het egter baie goed gevaar en sewe van die gimnaste het kleure verwerf. Kort hierna het hulle dan ook vir Wes-Transvaal op die Suid-Afrikaanse Kampioenskappe verteenwoordig. Wes-Transvaal, wat die eerste keer as provinsie op die S.A.-Kampioenskappe deelgeneem het, het in die derde plek geëindig, met Noord-Transvaal, die moederliggaam waaronder die gimnaste van Wes-Transvaal geresorteer het, in die vierde plek.

Die belangrikste kompetisie was egter die Interuniversitêre Kampioenskappe wat hier plaaslik aangebied is. Hoewel ses universiteite verteenwoordig was, was dit slegs die P.U. vir C.H.O. en Wits wat die eintlike stryd aangeknoop het. Wits het dan ook gewen met die P.U. in die tweede plek, slegs 3 punte agter eersgenoemde. Wat die kompetisie self betref, is deurgaans 'n goeie gees geopenbaar.

Die jaar 1964 was seker een van die bedrywigste jare wat die Gimnastiekklub nog beleef het. Die sukses kan alleen toegeskryf word aan goeie samewerking tussen die bestuur en die lede van die klub, asook die onvermoeide ywer waarmee elkeen in die besonder geoefen het.

# SPORTTOERNOOI GEDURENDE DIE VAKANSIE

Verskeie van die sportklubs aan die P.U. sal gedurende die Desembervakansie aan interuniversitêre toernooie deelneem.

**TENNIS**

Die tennistoernooi word vanjaar deur Stellenbosch aangebied en vind vanaf 30 November tot 5 Desember plaas. In beginsel is goedgekeur dat vyf dames aan die toernooi mag deelneem. Alhoewel verwag word dat die standaard baie hoog sal wees behoort die Pukke goeie rekenskap van hulleself te kan gee aangesien daar 'n paar baie ervare spelers in die span sal wees.

Aangesien die standaard van die dames by hierdie toernooi gewoonlik nie so hoog is nie, behoort die damespan van die Puk ook goed te vaar.

**KRIEKET**

Die Puk sal soos gewoonlik 'n krieketspan na die toernooi stuur wat vanjaar deur die Universiteit van Natal te Pietermartizburg aangebied word vanaf 5-12 Desember. Die standaard sal soos gewoonlik geweldig hoog wees en daar sal vanjaar buitengewone mededinging wees aangesien die Protea A-span teen die besoekende M.C.C.-span sal speel in 'n driedaagse wedstryd. Alhoewel diePuk se standaard nie baie gunstig vergelyk met veral die van die Engelse universiteite nie, sal sake hoofsaaklik met U.O.V.S. en Tukkies uitgespook word.

**ONDERVINDING**

Die krieketklub lewer elke jaar bewys dat hulle geweldig baie baat vind by die deelname aan die toernooi aangesien die ligaresultate na die toernooi altyd baie beter is. Die toernooi wat as die hoogtepunt van die seisoen beskou word, is 'n baie aangename vooruitsig vir elke krieketspeler.

**SWEM**

Ook die Swemklub beoog om vanjaar aan hulle tweede interuniversitêre toernooi deel te neem, dié keer te Stellenbosch.

## Sportgeselsie deur Rydan

# SPORT AAN P.U. AFGESKEEP IN DAGPERS

Dit is seker nou die gepaste tyd om 'n oorsig van die jaar se sport aan die Puk te gee, maar as ek my gedagtes laat teruggaan oor die afgelope jaar, is daar veral een saak wat vanjaar andermaal gehinder het. Dit is die min publisiteit wat daar in die dagpers aan sport op die Puk bestee is.

Hier in Transvaal is daar twee Afrikaanse dagblaaie wat, so kan mens seker veronderstel, in die eerste plek sportnuus in Transvaal intensief sal dek. Maar dit is al asof mens die indruk kry dat wat hulle betref, daar geen plek soos die P.U. vir C.H.O. in Transvaal is nie.

**ELLELANGE BERIGTE**

'n Maand of twee gelede het die Intervarsities tussen die Tukkies en die Witsies en tussen die Kovsies en Pukke op dieselfde dag plaasgevind — in Johannesburg en Bloemfontein respektiewelik. Waar in beide koerante ellelange berigte aan eersgenoemde botsing afgestaan is, is die uitslag van die ander wedstryd slegs genoem in 'n klein weggesteekte paragrafie. Dat daar meer belangstelling by die publiek vir die ~~Noordelike Intervarsity~~ as vir die ander is, is sterk te betwyfel — en indien dit wel die geval is, is dit juis in 'n groot mate die dagblaaie se skuld.

Gedurende die hele rugbyseisoen was dit maar so. Ligawedstryde van U.P. en Wits geniet gereelde aandag op die sportbladsye van die koerante, maar vir alle praktiese doeleindes speel die Puk nie soiets soos Rugby nie — terwyl ons vanjaar stukke beter as genoemde twee universiteite gevaar het wat ons onderskeie ligas betref.

**DALRYMPLE**

Met die ander sportsoorte gaan dit netso. Nadat ons atletiekspan vroeër vanjaar die Dalrymple gewen en daar getoon het dat hy oor etlike belowende atlete beskik, is geen belangstelling deur enige van die twee koerante getoon in die byeenkoms drie weke gelede op die Pukbane nie. Ander Pukspanne, soos die krieket- en tennisspanne, kan ook maar vergeet om ooit iets van hul prestasies in die dagpers te lees, maar hier sal ek erken dat hierdie twee sportsoorte nie juis veel meer publisiteit geniet aan die ander twee universiteite nie.

Ek dink dit is nou hoog tyd dat minstens die Afrikaanse koerante van die Noorde begin moeite doen om hulle dekking van sportgebeure aan die drie Noordelike universiteite op gelyke standaard te bring.

# Laat Nuus

**FLEURETTE BLOEMISTE**

Sleep in by Fleurette

*VIR JULLE BLOMME — SPESIALE AFSLAG*

KERKSTR. 143 TEL. 709

*„LIEWE INGRAM, EK VERLANG . . ."*
*„EK GAAN TERUG NA OU INGRAM AS EK KAN . . ."*

*Besoek*

**INGRAM SE DRANKWINKEL**

Allerlei

● WYNSOORTE, BIER EN STERKDRANK
● DRUIWESAP, SIDER, LEMOENSAP, TAMATIESAP
in bottels en blikkies

*ONS VERKOOP ALLE SOORTE KOELDRANKE*

Tel. Nrs. 12 en 2582

Kerkstraat 122 Posbus 171



PETER HEINE IN AKSIE

# *Springboksnelbouler Rig P.U. Span Af*

**PETER HEINE, een van die beroemdste snelboulers wat Suid-Afrika ooit verteenwoordig het, het ingewillig om vanjaar die krieketspelers van die Puk af te rig.**

Heine se eie sportloopbaan behoort vir elke krieketspeler en voornemende speler as aansporing te dien. Sy loopbaan as krieketspeler is merkwaardig as ons in aanmerking neem dat hy nie op skool krieket gespeel het nie, maar eers op twintigjarige leeftyd begin speel het. Slegs vyf jaar later het hy die Springboktoerspan van 1955 gehaal en sodoende sy loopbaan in alle erns in Engeland begin. Vanaf 1955 tot 1962 het hy Suid-Afrika met groot welslae in veertien toetswedstryde verteenwoordig.

Peter Heine het eintlik bekendheid verwerf as 'n geweldige kragtige kolwer en nie as bouler nie. Sy aggressiwiteit as kolwer word pragtig geïllustreer deur die feit dat hy in 'n klubwedstryd vir Boksburg teen Harlequins 122 lopies in 22 minute aangeteken het.

Hierdie beurt het agtien seshoue ingesluit. Dit beteken dus dat 108 van die 122 lopies deur middel van seshoue aangeteken is. In die Vrystaatse krieketproewe van 1953 het hy ook agt sesse en nege vierhoue in 'n beurt van 105 lopies behaal wat hom 'n plek as kolwer in die provinsiale span besorg het. Sy kolfprestasies is egter nie net om hoë tellings gesentreer nie. Hy is baie trots op die feit dat hy die enigste speler in die 1955-toerspan was wat nie vir 'n nulletjie uitgehaal is nie. Nadat hy as bouler groot roem begin verwerf het, het hy sy kolfwerk 'n bietjie verwaarloos en sy onverdeelde aandag aan sy boulwerk geskenk.

**,,Killer Instinct"**

Ten spyte van al sy prestasies as kolwer, word hy egter onthou as een van die vinnigste en van die heel beste snelboulers wat Suid-Afrika ooit opgelewer het. Hy was veral bekend daarvoor dat hy vir lang skofte aanmekaar kon boul sonder om sy lengte of spoed prys te gee. Sy buitengewone stamina het hom hiertoe in staat gestel en dit het hom ook in staat gestel om na drie jaar se afwesigheid na toetskrieket terug te keer.

**Peter Heine was onder kolwers bekend as 'n bouler wat oor groot onverbiddelikheid beskik het. Hy val meedoënloos aan totdat die kolwer oor geen verdediging meer beskik nie, en palm dan die paaltjies in. Peter Heine het dus oor die spreekwoordelike ,,killer instinct" beskik, 'n eienskap wat vir 'n vinnige bouler onontbeerlik is.**

**...Om hier te probeer om al Peter Heine se beste vertonings weer te gee, sou totaal onmoontlik wees aangesien hy 'n groot aantal goeie vertonings op sy kerfstok het. ...**

**...Sy eerste boulvertoning van groot belang was die 7/29 wat hy teen die Nieu Seelandse toerspan van 1953 behaal het. Hy het in daardie stadium vir Vrystaat gespeel en hy het ook teen Transvaal pragtig gevaar en agt kolwers vir slegs 92 uitgeknikker.**

Hierdie twee vertonings het sy plek in die toerspan na Engeland verseker. In Engeland was hy uiters suksesvol en het hy ook daar pragtige vertonings gelewer. Sy 7/60 teen Middlesex, sy 5/60, 5/86 en 4/70 teen Engeland spreek vir hulleself. Saam met Neil Adcock word Peter Heine beskou as ons beste ooit.

Peter Heine verklaar dat die grootste oomblik in sy loopbaan die dag was toe hy Peter May vir 'n nulletjie uitgehaal het nadat May vier agtereenvolgende honderdtalle teen Suid-Afrikaanse spanne behaal het.

Sy eerste toetsslagoffer was Peter May en sy laaste John Reid. Sy krieketloopbaan vir Suid-Afrika is dus ingelui en afgesluit met die uithaal van twee van die wêreld se beste kolwers.

Peter Heine beskou uiterste fiksheid en groot erns as die twee middele wat noodsaaklik is vir sukses.

**Die redaksie wil vir Peter Heine baie bedank vir die onderhoud asook die leen van sy kosbare plakboeke vir die versameling van die gegewens.**

# BYEENKOMS HOU BELOFTE VIR NUWE SEISOEN

**Die interkoshuis-atletiek het Saterdag 3 Oktober op 'n hoë noot begin toe Pietman Botha die 100 tree in 9.7 sekonde gewen het. Trevor George het 9.9 sekonde aangeteken in die junior nommer.**

**Hierdie byeenkoms is deur die gesamentlike span van Dawie Dup en Thaba Jäh met 152 punte gewen.**

Die byeenkoms wat deur die huisvader, prof. C. P. van der Walt geopen is, is op interkoshuisbasis beslis en verskeie goeie vertonings is gelewer. Over de Voor en Oosterhof was tweede met 108 punte, Dorp en Klawerhof derde met 97 punte terwyl Heimat, Uitspan, Kulu en Paradys 36 punte aangeteken het.

Behalwe vir 'n ligte wind was die weer ideaal en is daar 'n hoë standaard deurgaans gehandhaaf. Hoewel daar min uitstaande vertonings was, het die atletiek in 'n aangename gees plaasgevind en is dit gekenmerk deur goeie organisasie waarvoor prof. W. N. Coetzee en mnr. Jurie Viljoen verantwoordelik was.

# Dawie Smith presteer in tennis

**Dawie Smith wat vir die tweede agtereenvolgende jaar die Puk se enkelspelkampioen is, het in die pasafgelope tussenprovinsiale tennistoernooi baie goed vertoon.**

Slegs gebrek aan ervaring in groot tennis het hom verhoed om met spelers soos Pieter van Lingen van Noord-Transvaal, Barbour van Rhodesië en Wilson van Grens af te reken. As hy sy buitengewone ratsheid, sy uitstekende vlughoue en sy goeie temperament kan aanvul met ondervinding, dan bestaan daar onbeperkte moontlikhede vir hierdie jong speler.

Dawie wat in 1963 aan sy eerste interuniversitêre toernooi deelgeneem het, is tans besig om ernstig te oefen vir die toernooi wat in die Desembervakansie in Stellenbosch plaasvind. Dawie wat ook 'n gereelde Wes-Transvaalse speler is, behoort goed te vaar en ons kan verwag dat hy alles in die stryd sal werp om 'n plek in die Proteaspan oop te speel.

Dawie het egter nie net plaaslik goed gevaar nie, maar hy het in 1964 die kwarteindronde van die mans-enkelspel sowel as die halfeindronde van die dubbelspel in die Wes-Transvaalse kampioenskappe gehaal. Dawie Smith se goeie spel het ook dan daartoe gelei dat hy vanjaar erekleure verwerf het.

# S.W.T. STOEI-KAMPIOEN-SKAPPE

Op die Suidwes-Transvaalse stoeikampioenskappe wat op Saterdag 17 Oktober gehou is, het Piet Goosen en Jan Oosthuizen titels verower.

Uit die span van ses het veral Piet Goosen, en ook Frik Botha, goed vertoon deur meeste met valle te wen. Bogenoemde twee stoeiers van die Puk sal Suidwes-Transvaal ook op die Suid-Afrikaanse kampioenskappe verteenwoordig.

# Pukspelers vertoon goed in Eersteligakrieket

**Hoewel die Puk 'n eerstebeurtneerlaag teen Klerksdorp gely het in 'n wedstryd wat onbeslis geëindig het, het individuele spelers tog getoon dat daar hierdie seisoen nog veel van die Pukke se krieketspan verwag kan word.**

Klerksdorp het eerste gekolf op 'n baie mak kolfblad en het boonop nog teen 'n verswakte Puk boulaanval te staan gekom. Hulle het 203/5 aangeteken waarvan R. Lindsay 91 behaal het. Hy is goed bygestaan deur E. Boy (35) en C. Hayes (31). Willie Roux het die beste boulvertoning vir die Puk gelewer met 3/57.

In hulle eerste kolfbeurt was die Pukke gou in die moeilikheid toe hulle vier penne vir slegs agtien lopies verloor het. Willie Roux met 64 n.u.n en Jan de Wet met 34 lopies het egter 70 lopies vir die vyfde paaltjie aangeteken en sodoende die opvolgbeurt afgeweer. Willie Roux se beurt het sewe vierhoue ingesluit en Jan de Wet het een vier en een pragtige seshou geslaan. Ook Hennie Bouwer het getoon dat hy nog steeds een van die beste aanvangskolwers in Wes-Transvaal is. In Klerksdorp se eerste beurt het hy ook baie verdienstelik geboul. Kobie Viljoen het ook getoon dat hy moontlikhede as draaibalbouler besit.

Die veldwerk van die Puk wat in die verlede een van hulle swakpunte was, het ook te kens getoon dat dit hierdie seisoen baie beter sal wees. In hierdie verband het veral Lapies Labuschagne en eerstejaar Frans Nel uitstekend vertoon en elkeen van hulle het 'n pragvangskoot benut.

MOENIE KANSE VAT NIE . . .
*Kies*
**FOTOKUNS**
*vir*
**PORTRETTE**
*en*
**GROEPFOTO'S**
MAAK 'N AFSPRAAK —— SKAKEL NET 3185

**GISELA MAIWALD**
*Fotograaf en Fotografiese Dienste*
TOMSTRAAT 100 —— POTCHEFSTROOM

***Die Wapad word gedruk deur Enslins, Potchefstroom. Eienaars en uitgewers: Die S.R. van die P.U. vir C.H.O.***